Bisdom Oudtshoorn **Pastorale Brief** **Vastyd 2018**

Liewe Susters en Broeders in Christus,

Die Vastydseisoen staan voor die deur en weereens bied die Kerk ons die geleentheid om al hoe dieper in die Paasgeheimenis te deel – die sterwe en opstanding van Christus.

Om dié reis aan te pak is waartoe ons geroep word in die Vastyd. Deur gebed, vas en aalmoese word ons uitgenooi om al hoe meer soos Christus te word in ons opvattinge, houdings en aksies. Parogies bied ons talle geleenthede vir gebed, daaglikse Heilige Mis, die Kruisweg, Boetedienste, die spesiale Vas- en Gebedsdag vir die oorloggeteisterde mense van die Demokratiese Republiek van die Kongo en die Suid-Soedan wat pous Franciskus uitgeroep het vir die eerste Vrydag in die Vastyd, 23 Februarie, *"24 Ure vir die Heer"* op 09-10 Maart, Evangelie-meedeling, Diens aan die Armes en ander plaaslike aktiwiteite.

Ons hoof bisdomlike gebeurtenis is die jaarlikse pelgrimstog na die Kruisberg in Dysselsdorp op die eerste Sondag in die Vastyd. Almal word aangemoedig om dit by te woon sodat die plaaslike Kerk daardeur getuienis kan lewer van ons eenheid in geloof en ondersteuning vir mekaar op die lewensreis om al hoe meer soos Christus te word. Ons Biskoppe Konferensie nooi ons uit om aan die Biskoppe se Vastydoproep deel te neem wat ons in staat stel om op sinvolle wyse deel te hê aan die Kerk se werksaamhede dwarsdeur ons landstreek. Eksemplare van die Biskoppe se Vastydoproep nuusbrief is aan al ons gemeenskappe uitgedeel.

Dié nuusbrief bevat ook 'n inleiding tot die Vastydprogram oor Rassisme. In die gees van al hoe meer word soos Christus stel die biskoppe voor dat Parogie Pastorale Rade en ander groepe die ervaring van rassisme in ons land oorpeins. Hierdie is 'n gevoelige kwessie en dit kan diepgewortelde emosies van seer, woede, vrees, skuld en skaamte oproep. Dit is die wonde wat ons met ons saamdra en Jesus wil ons daarvan genees. Ongeneesde wonde belemmer ons huidige verhoudings met mekaar. 'n Mens hoef maar net na die misdaadsyfers en die voorkoms van openbare geweld kyk om te weet dat Suid-Afrikaners as nasie diep verwond is.

As Christelike gemeenskappe word ons daartoe geroep om veilige plekke te wees waar almal met die nodige empatie en begrip verwelkom word.. Hier sien ons hoe gepas pous Franciskus se beeld van die Kerk as "veldhopsitaal" is. Die Vastyd bied ons die kans om ons gewetens te ondersoek om te sien of ons dalk op enige manier 'rassisties' is in ons opvattinge, houdings en aksies. Eenvoudig gestel is 'rassisme' die opvatting dat een rassegroep kwansuis hoër is as 'n ander. Hierdie opvatting is teenstrydig met ons Katolieke geloof omdat ons almal één met mekaar is in eenheid met Christus en "daar nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer man of vrou is nie" (Galasiërs 3:28).

'n Onlangse peiling het bevind dat ongeveer twee-derdes van Suid-Afrikaners min of geen vertroue het in mense van ander rassegroepe. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Here ons uitnooi om die heilige Vastydseisoen binne te gaan. Mag ons deur gebed, ons Bybel-meedeling, ons oorpeinsing van rassisme, vas, aalmoese, die bieg van ons sondes, genesende verhoudings en respek vir die hele skepping Christus se medelye ons eie maak. "As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef." (2 Timotheus 2:11).

Mag die genesing, versoening en medelye van Christus dié Vastyd u s'n wees!

+ Francisco de Gouveia
Bisdom Oudtshoorn